Voorbeeld 21

Goedere teruggestuur

Die uitstaande bedrag op Peter se rekening is R500. Goedere deur Peter teruggestuur, R40. Mamelodi Handelaars handhaaf 'n wins van 25% op die verkoopprys.

Verlang

1. Bepaal of die inskrywing 'n invloed op koste van verkope sal hê.
2. Bepaal die kosprys.
3. Bepaal hoeveel brutowins verloor word.

Oplossing

1. Die inskrywing sal 'n invloed op die koste van verkope hê. Wanneer die goedere teruggestuur word, sal die bedrag van voorraad toeneem. Die uitgawe (koste van verkope) sal afneem, want die goedere word nie verkoop nie.
2. R30
3. R10

Verduideliking en berekening

Voltooi *twee* dubbelinskrywings:

1. Verminder die debiteurerekening en debiteer die debiteure-afslagrekening met die verkoopprys, R40.
2. Verhoog die voorraadrekening en verminder die koste van verkoperekening met die kosprys, R30.

Verkoopprys	=	100%	=	40		40
Wins	=	25%	=	25/100 x 40		10
Kosprys	=	75%	=	75/100 x 40	=	30

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Debiteurekontrole**		
Saldo	500	Debiteure-afslag	40
(Uitgawe)	**Debiteure-afslag**		
Debiteurekontrole	40		
(Uitgawe)	**Koste van verkope**		
		Voorraad	30
(Bate)	**Voorraad**		
Koste van verkope	30		

Rekeningkundige vergelyking

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Brondokument	Hulpjoernaal	B	E	L
Debiteure-afslag	Debiteurekontrole	Kredietnota	DAJ	-40	-40	
Voorraad	Koste van verkope	Kredietnota	DAJ	+30	+30	

Voorbeeld 22

Fout op faktuur

Peter stel Mamelodi Handelaars in kennis dat die faktuur vir R200 te veel uitgereik is. Die entiteit handhaaf 'n wins van 25% op kosprys.

Verlang

A Bepaal of die inskrywing 'n invloed op die koste van verkope sal hê.

B Bepaal die kosprys.

Oplossing

A Die inskrywing sal 'n invloed op die koste van verkope hê. Die totale verkoopprys, wat gebruik word om die kosprys te bepaal, is R200 te veel. Die uitgawe (koste van verkope) sal verminder, aangesien die koste van verkope bedrag verkeerdelik op die verkope bedrag, wat R200 te veel was, bereken is.

B R160

Verduideliking en berekening

Voltooi twee dubbelinskrywings:

1. Verminder die debiteurekontrolerekening met die foutiewe verkoopprys van R200, en debiteer die debiteure-afslagrekening (met R200).
2. Verhoog die voorraadrekening en verminder die koste van verkoperekening met die kosprys van R160.

Kosprys	=	100%	=	100/125 x 200	=	160
Wins	=	25%	=	25/125 x 200	=	40
Verkoopprys	=	125%	=	R200		200

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Debiteurekontrole**		
Saldo	500	Debiteure-afslag	200
(Uitgawe)	**Debiteure-afslag**		
Debiteurekontrole	200		
(Uitgawe)	**Koste van verkope**		
		Handelsvoorraad	160
(Bate)	**Voorraad**		
Koste van Verkope	160		

Rekeningkundige vergelyking

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Brondokument	Hulpjoernaal	A	O/E	L
Debiteure-afslag	Debiteurekontrole	Kredietnota	DAJ	-200	-200	
Voorraad	Koste van verkope	Kredietnota	DAJ	+160	+160	

Voorbeeld 23

Beskadigde goedere nie teruggestuur nie

Peter stel Mamelodi Handelaars in kennis dat goedere wat aan hom afgelewer is, gedurende aflewering beskadig is. Hy is bereid om die goedere te hou indien die entiteit korting van 20% aan hom toestaan. Die onderneming het ingestem en sy rekening met die R200 afslag verminder. Die onderneming handhaaf 'n bruto winspersentasie van 25%.

Verlang

Bepaal of die inskrywing 'n invloed op die koste van verkope sal hê.

Oplossing

1. Die inskrywing sal geen invloed op die koste van verkope hê nie. Die kosprys van die onderneming sal nie verminder as gevolg van die korting wat toegestaan is nie. Voorraad sal ook nie verhoog nie, omdat die goedere nie teruggestuur is nie.
2. Die wins verminder met R200.

Verduideliking en berekening

Voltooi een dubbelinskrywing:
Verminder die debiteurerekening en debiteure-afslagrekening met die afslag van R200.

Verkoopprys	=	100%	=	100/20 x R200	=	1 000
Afslag	=	20%	=	R200	=	200
Uitstaande bedrag	=	80%	=	80/20 x R200	=	R800

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Debiteurekontrole**		
Saldo	1 000	Debiteure-afslag	200
(Uitgawe)	**Debiteure-afslag**		
Debiteurekontrole	200		

Rekeningkundige vergelyking

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Brondokument	Hulpjoernaal	B	E	L
Debiteure-afslag	Debiteurekontrole	Kredietnota	DAJ	-200	-200	

Voorbeeld 24

Handelskorting nie in ag geneem nie

Mamelodi Handelaars staan 20% handelskorting aan Madiba Handelaars toe. Madiba Handelaars het gekla omdat die boekhouer 'n faktuur vir R500 uitgereik het, sonder om die korting op die faktuur af te trek. Korrigeer die fout. Mamelodi Handelaars handhaaf 'n wins of 25% op kosprys.

Verlang

Bepaal of die inskrywing 'n invloed op die koste van verkope sal hê.

Oplossing

Die inskrywing sal geen invloed op die koste van verkope hê nie. Die kosprys wat Mamelodi Handelaars betaal het sal nie verminder nie, omdat korting aan 'n kliënt toegestaan is.

Verduideliking en berekening

Voltooi een dubbelinskrywing:
Verminder die debiteurerekening met die verkoopprys van R100 wat nie afgetrek is nie.

Verkoopprys	=	100%	=	R500	=	R500
Korting	=	20%	=	20/100 x R500	=	R100
Uitstaande bedrag	=	80%	=	80/100 x R500	=	R400

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Debiteurekontrole**		
Saldo	500	Debiteure-afslag	100
(Uitgawe)	**Debiteure-afslag**		
Debiteurekontrole	100		

Rekeningkundige vergelyking

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Brondokument	Hulpjoernaal	B	E	L
Debiteure-afslag	Debiteure-kontrole	Kredietnota	DAJ	-100	-100	